



**Titel:** Kinder gebed

Die mense se daar is 'n weg na saligheid,  
Maar wie kan my sê wat dit is en hoe die weg loop,  
As ek kyk na die om my, is dit dalk my gesindheid,  
Of om die wil van God te sloop.

Nee meen ander, jy moet jou laat doop,  
Is dit dalk klein of groot,  
O Heer maak my kinder hartjie oop,  
Verwyder my van die lewens sloot.

Ek slaan my oë op na die berge,  
Waar sal my hulp vandaan kom,  
Maar pappa, hulle is dan vol dwerge,  
En trolle wat grom.

O Heer sal U my kom leer,  
Die wêreld het my mamma ingesluk,  
Dit maak my hartjie seer,  
Dit laat my siel verstik.

Laat die kindertjies na My toe kom,  
Dankie Heer dat U my lief het,  
Al draai die lewe my om,  
Weet ek dit was die bekerings gebed.

Ek sal jou nooit begewe,  
Dankie Heer dat U my ewig laat lewe.

**Skrywer:** Boeta

# Hier Leef ons voluit

## 1. IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE

<b>Straatadres:</b>	Blouvlieweg, Wellington, 7655
<b>Posadres:</b>	Posbus 129, Wellington, 7654
<b>Bestuurder:</b>	Regardo Scholtz
<b>Telefoonnommer:</b>	021 873 3834/ 5
<b>Selfoonnommer:</b>	083 279 0832
<b>Faksnommer:</b>	021 873 5265
<b>E-pos adres:</b>	info@andrewmurray.org.za
<b>NPO-registrasienuommer:</b>	011-891 NPO
<b>Registrasienuommer:</b>	15/5/11/2/2C3130 (Dept. Maatskaplike Ontwikkeling) Geregistreer om 'n Kinder - en Jeugsorgsentrum te bestuur en te bedryf wat geskik is vir die opname, behandeling, beskerming, versorging en opvoeding van kinders wat aan die volgende kriteria voldoen: <b>Geslag:</b> Seuns en dogters <b>Kerkverband:</b> Interkerklik <b>Taal:</b> Afrikaans, Engels, Xhosa <b>Minimum ouderdom by toelating:</b> Geboorte <b>Maksimum ouderdom by toelating:</b> 18 jaar <b>Maksimum ouderdom vir akkommodasie:</b> 21 jaar <b>Maksimum toelating:</b> 150 kinders <b>Tipe kinders:</b> Verlate, verwaarloos, verweesd

## 2. GRONDSLAG

Die Organisasie verrig sy taak in die gees en gesindheid van Jesus Christus, die Groot Barmhartige en sy beleid is gegrond op die Woord van God.

## 3. VISIE

Ons vorm en bou aan 'n toekoms vir jou

## 4. MISSIE

Huis Andrew Murray is 'n NG Kerk/ VG Kerk instansie/ inrigting wat vanuit 'n Christelike lewensbeskouing die volledige en gesonde ontwikkeling van 150 wetsbestede kinders bevorder op religieuse, opvoedkundige, fisiese, sosiale en psigiese terrein d.m.v die benutting van multi-dissiplinêre dienste. Dit word gedoen sodat individuele kinders in staat gestel kan word om sy/ haar plek as gebalanseerde volwassene en verantwoordelike landsburger vol te staan. Die Christelike lewens- en wêreldbeskouing vorm die grondslag van al ons werksaamhede

## 5. LEDE VAN DIE BEHEERRAAD

NAAM	PORTEFEULJE	TELEFOON	EPOS
DJC Theart	Voorsitter	021 873 1275	danie@djcheart.com
J Hendricks	Ondervoorsitter	021 864 1800	vgkwellingtonbergrivier@telkomsa.net
RC Broodryk	Finansies	021 864 1308	riaan@fhbc.co.za
NH Marais	Terrein	021 873 2527	erik@rodewellington.co.za
D Cilliers	Vakkundig	021 873 2823	cilliersd@cput.ac.za
MJ Scholtz	Personeel	021 873 3154	gielies@xsinet.co.za
WJA Moolman	Addisioneel	021 873 1078	moolmanw@hugenoteskool.co.za
CS van der Merwe	Badisa	021 873 1676	carinbadisa@telkomsa.net
R Scholtz	Bestuurder	021 873 3834	regardo@andrewmurray.org.za
HS Spies	Bemarking	021 873 5400	s.spies@mweb.co.za
A de Vries	Addisioneel	021 873 2548	adamdevries3@gmail.com

## 6. SKOLASTIESE INSKAKELING

Die kinders wat skoolpligtig is, woon verskeie openbare skole in die omgewing by. Meeste van die kinders wat nuut opgeneem word, het skoolastiese agterstande. Hulle het nie gereeld skool bygewoon nie of het nie die nodige stimulerings en ondersteuning ontvang nie. Personeel verleen hulp en gee die nodige struktuur. Groot moeite word deur skole en individue gedoen om op 'n daaglikse basis aan kinders hulp en ondersteuning te bied. Die skole waarby die kinders inskakel is as volg:

SKOOL	DORP	TOTAAL
Sprokiesland Speelskool	Wellington	16
Dwergiebos Kleuterskool	Wellington	6
Van Wyksvlei Primêr	Wellington	3
Hillcrest Primêr	Wellington	6
Hugenate Laerskool	Wellington	24
Hugo Rust Laerskool	Wellington	1
Newton Primêr	Newton	4
Pauw Gedenk Primêr	Wellington	1
Wellington Primêr	Wellington	42
Bergrivier Sekondêr	Wellington	9
Hugenate Hoërskool	Wellington	18
Weltevrede Sekondêr	Wellington	3
Ligstraal Skool	Paarl	4
Paarl Vaardigheidsskool	Paarl	1
De Grendel	Milnerton	4

## **7. SPROKIESLAND – VROEË KINDERONTWIKKELINGSPROGRAM**

Sprokiesland volg 'n gestruktureerde jaarprogram wat bestaan uit weeklikse temas, naamlik my liggaam, sintuie, vorms, kleur, ons land, seisoene en vele meer, om sodoende die kind op 'n holistiese basis te ontwikkel. Die tema georiënteerde weekbeplannings beskik oor 'n variasie van aktiwiteite en uitstappies om die kinders bloot te stel aan 'n wye verskeidenheid van lewensvaardighede. Huidiglik skakel Arbeidsterapie studente deelyds in by die skool. Insette vanaf die Arbeidsterapie afdeling word ook geïmplementeer.

Die drie klasse, Groenklas (0-3 jaar), Geelklas (3-4 jaar) en Rooiklas (4-5 jaar) verteenwoordig die drie kleure van Huis Andrew Murray Kinderhuis. Die Geel- en Rooiklas volg gesamentlike temas vir die jaar en sodoende gaan hul saam op uitstappies. Die Groenklas funksioneer volgens hul eie weekbeplanning en dagprogram wat op hul ontwikkelingsval gestruktureer is en word na alle uitstappies en aktiwiteite saamgeneem.

Die kinders van Sprokiesland vorder goed. Ons kry menige goeie terugvoering vanaf Graad R wat bewys dat die stimulasie vanaf jong ouderdom so belangrik is.

## **8. VERSORGINGSDIENSTE**

By Huis Andrew Murray word daar in al ons kinders se fisiese, psigiese en geestelike behoeftes voorsien. Met stygende lewenskoste bly dit 'n uitdaging, maar te danke aan donasies wat baie keer op 'n kritiese tyd ontvang word, ly ons kinders geen gebrek nie.

Ons kinders skakel in by die Sondagskool en katekisasie van NG Moedergemeente asook die Presbiteriaanse Kerk. Deur gereelde huisgodsdienste, persoonlike gesprekke en samesang word ons Christelike waardes bevorder en gevestig.

Hierdie jaar het ook 'n paar sportuitblinkers opgelewer. Verskeie kinders is in hulle onderskeie skole se A-spanne vir verskillende sportsoorte opgeneem. Twee hoërskoolleerders van Hugenote Hoërskool is tot provinsiale sportspanne verkies.

## **9. TERAPEUTIESE DIENS**

Die volgende terapeutiese dienste word by Huis Andrew Murray aangebied

- Gedragsmodifikasie – Deurlopende assessering, doelgerigte selfgedisiplineerdheid en selfgeldende gedrag word gemodelleer en aangeleer
- Trauma berading / begeleiding
- Kognitiewe gedragsterapie
- Speltherapie
- Narratiewe terapie
- Persoongesentreerde terapie
- Groepwerk (emosionele intelligensie, self beseerende gedrag, verhoudinge, gesonde grense en ander relevante kwessies soos geïdentifiseer deur betrokke kinderversorgers en maatskaplike werkers.
- Arbeidsterapie
- Spraaktherapie
- Sielkundige dienste
- Psigiatriese dienste

Hierdie programme fokus op die versekering van die kinders se emosionele ontwikkeling en welstand, en dat hulle die nodige insette en intervensies ontvang.

- **Totale aantal kinders in Kinder- en Jeugsorgsentrum soos op 31 Maart 2015:**

	Manlik	Vroulik	Totaal
Swart	0	1	1
Bruin	56	59	115
Wit	18	15	33
Totaal	74	75	149

- **Ouderdomsverspreiding:**

0 – 2	3 – 6	7 – 12	13 – 19
3 %	10 %	45 %	42 %

- **Vernaamste redes vir plasing:**

Die afgelope boekjaar is 38 nuwe kinders opgeneem. Die redes vir sorgbehoewendheid soos by die kinderhof voorgelê, was soos volg:

Ontoereikende ouerskapsvaardighede	7
Dwelmmisbruik	7
Alkoholmisbruik	9
Gedrag wat nie deur die ouers of versorgers beheer kan word nie	0
Behuisings en finansiële nood	4
Mishandelde kinders	1
Seksueel gemolesteerde kinders	0
Verwaarloos, straatkind, verlate kind en weeskind	0
Mislukte pleegsorgplasinge	10

- **Kinders wat die Kinder- en Jeugsorgsentrum verlaat het:**

Daar het 37 kinders die sentrum verlaat gedurende die boekjaar.

- **Redes vir verlating is soos volg:**

Hereniging met ouers of familie	25
Art. 171 oorplasing: Pleegsorgplasing	10
Dros vir langer as 6 maande	0
Tydlike veilige bewaring	0
Skoolverlaters	2

- **Vakansie- en naweekplasing:**

Huis Andrew Murray Kinder- en Jeugsorgsentrum bied 'n veilige hawe vir kinders so ver as Kaapstad, Atlantis, Moorreesburg en Van Rhynsdorp. Die vervoer van kinders het 'n groot finansiële impak op die program. Die kinders word van een uitnaweek per kwartaal voorsien asook die skoolvakansies. Die betrokke kinders word met die kinderhuis voertuie asook per trein vervoer na hul verskillende bestemmings. Ons poog waar moontlik en indien ouers se omstandighede dit toelaat om elke kind 'n geleentheid te bied om vir uitnaweke en vakansies "huistoe" te gaan. Van ons kinders is ook bevoorreg om vakansie ouers te hê wat uitsien om die kinders oor naweke en vakansies te ontvang.

Ons drywer vervoer oor meeste uitnaweke en vakansies die kinders na en vanaf Wellington, Paarl, Franschhoek, Stellenbosch, Somerset-Wes, Macassar en Strand.

Daar is gewoonlik 3 begeleiers op die trein wat ons kinders oor naweke en vakansies vanaf Wellington tot Kaapstad vergesel. Kinders wat nie uitgeplaas kan word vir vakansies of uitnaweke nie, word by programme betrek wat oor uitnaweke en vakansies deur die kinderversorgers of vrywilligers by die kinderhuis aangebied word.

- **Gesinsherenigingsdienste:**

Om gesinshereniging te laat geskied poog die maatskaplike werkers om gereeld gesinskonferensies met die ouers, familie of vakansie ouers te reël sodat gesinsherenigingsdienste kan plaasvind. Die afgelope boekjaar is 55 gesinskonferensies gehou by verskillende dienskantore.

- **Groepwerk**

<b>Tipe Groepe</b>	<b>Aantal groepe</b>	<b>Aantal lede</b>	<b>Aantal sessies</b>
Ontwikkelings groepe	3	59	24
Opvoedkundige groepe	3	31	24
Terapeutiese groepe	2	32	18

- **Studente betrokkenheid**

By Huis Andrew Murray Kinder- en Jeugsorgsentrum fokus ons op verskeie aspekte van ontwikkeling. Oor die afgelope jaar het Huis Andrew Murray studente vanaf Hugenote Kollege ontvang ten einde hul behulpsaam te wees met die praktiese ondervinding, vaardighede en opleiding. Talle plaaslike studente asook twee internasionale studente het hul kennis by Huis Andrew Murray Kinder- en Jeugsorgsentrum kom verbreed. Gedurende die verslagdoeningstydperk het 2 internasionale maatskaplike werk studente vanaf Holland ook by Huis Andrew Murray ingeskakel. Hulle was behulpsaam met administrasie take en groepwerk.

## 10. ARBEIDSTERAPIE

Die Arbeidsterapie afdeling gaan van krag tot krag. Lanèse Knipe sien tans weekliks 25 kinders van ouderdom 4 tot Graad 3 in groepe van 2-4 vir terapie wat veral fokus op groot motoriese, fyn motoriese en perseptuele ontwikkeling. Me Knipe het ook 'n krat met aktiwiteite saamgestel vir die ontwikkeling van veral fyn motoriese koördinasie, handspiere en perseptuele ontwikkeling van die 4-5 jariges tydens studietyd. Aktiwiteite en takies word ook op 'n weeklikse basis aan die studiebegeleier gegee wat tydens studietyd die Graad R-kindere sien vir verdere stimulasie en ontwikkeling. Veral by hierdie groepe is daar al baie groei merkbaar.

Met die supervisie van Lanèse Knipe en hul eksterne tutor Marlene Haasbroek is daar elke kwartaal twee vierdejaar Arbeidsterapie studente wat hul diensleer prakties hier doen. Dit behels dat daar 'n situasie analise gedoen word, projekte geïdentifiseer word, die projekte dan beplan en aangebied word en dan laastens weer ge-evalueer word. Tans word daar op 3 projekte gefokus naamlik:

- Stimulasiegroepe by Sprokiesland en die opleiding van die personeel om dit volhoubare groepe te maak wat die personeel ook self kan aanbied. Die studente het weekliks twee groepe vir onderskeidelik die 0-2 jariges, 2-4 jariges en 4-5 jariges aangebied. Hul doen ook weekliks opleiding met die personeel van Sprokiesland om hulle in staat te stel om self die tweede groepsessie aan te bied en meer insig te toon in ontwikkelings-modaliteite soos midlynkruising, posturale kontrole, fases van spel, dissipline in die groepsituasie, "time out", ensovoorts.
- Vaardigheidsgroepe met die Ligstraal kinders. Sodanige groepe geskied tydens studietyd. Daar word deur middel van die aanleer van tuinbouvaardighede gefokus op werkgewoontes soos gereelde bywoning, stiptelikheid, netheid, volg van stappe, ensovoorts.
- Die verbetering van die terrein en speel areas om dit meer tot die ontwikkeling asook die algemene welstand van die kinders te leen.

## 11. FINANSIËLE VERSLAG

Voortgesette dienslewering het die afgelope jaar plaasgevind ten spyte van stygende bedryfskoste.

Ouditeure vir die afgelope finansiële jaar was:


Theron Du Plessis Durbanville Ing/ Inc  
Posbus 3737  
Tygervallei, 7536

OPSOMMENDE FINANSIËLE OORSIG		
	2015	2014
Totale Inkomste	R 6 234 076	R 5 921 147
Totale Uitgawes	R 6 188 842	R6 082 985
Bedryfsurplus/(tekort) voor oordragte na reserwe fondse	R 45 234	(R 161 838)
Maandelikse eenheidskoste per kind	R3 461	R3 344
Maandelikse subsidie per kind : Departement van Maatskaplike Ontwikkeling	R2 650	R2 120

### Die totale inkomste is as volg saamgestel:

Badisa Bestuursprogram	1 %
Gemeentebydraes	2 %
Beleggingsinkomste	2 %
In Natura Skenkings	6 %
Fondsinsamelingsveldtogte	8 %
Subsidie – Department van Maatskaplike Ontwikkeling	81 %

### Verdeling van uitgawes 2014 / 2015



## 12. PERSONEEL

Die personeelsamestelling van Huis Andrew Murray was op 31 Maart 2015 soos volg:

POSBESKRYWING	AANTAL PERSONEELLEDE
Bestuurder	1
Professionele Kinder- en Jeugsorgwerker	1
Maatskaplike werkers	3
Sekretaresse	1
Finansiële beampte	1
Skakelbeampte / Bemarker	1
Kinder- en Jeugsorghulpwerkers	13
Drywer / terreinkoördineerder	1
Nutsman	1
Grondslagfase onderwyseres - Sprokiesland	1
Klaskamer Assistent – Sprokiesland	3
Arbeidsterapeut (kontrakbasis)	1

Die huishoudelike afdeling (washuis, kombuis en skoonmaakdienste) was vir die verslagdoeningsperiode uitgekonnekteer aan *Feedem Pitseng*.

## 13. VRYWILLIGERS

Verskeie vrywilligers was op 'n gereelde basis betrokke by Huis Andrew Murray. Onderwysstudente van CPUT het tydens studietyd diensbeurte gedoen terwyl Timothy Ministries sorg vir die graad 4 tot 7 leerlinge se geestelike welsyn op 'n Woensdagmiddag.

Verskeie gemeentes het op vele maniere uitgereik na die onderskeie huise. Vrywilliger groepe het ook uitgereik in die vorm van pret en vermaak, fondsinsamelings, klere en skoene insamelings, kampe aangebied, lekkergoedpakkies verskaf, uitstappies gereël en nog vele meer.

Entoesiastiese personeel en 'n groot vrywilligerskorps sorg dat HAM 'n toekoms vir ons kinders kan verseker.

## 14. BEDANKINGS

Ons kinders, personeel en beheerraad dank

- ons Hemelse Vader vir Sy genade, seën en beskerming;
- al die gemeentes en denominasies wat uitreik, bid en ondersteun;
- die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling : Wes-Kaap
- besighede, instansies, organisasies en individue wat finansiële bydraes maak en belangstelling toon; en
- elke persoon wat hierdie jaar vrywillig by Huis Andrew Murray betrokke was en gehelp het om 'n verskil in 'n kind se lewe te maak.